# DIE SEWENDE DAG

## - 'n Eenakter -

deur

## Stephanie van Niekerk

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Stephanie van Niekerk (e-posadres: stephanie.wordcraft@gmail.com)

# DIE SEWENDE DAG

**’n Eenakter deur**

## STEPHANIE VAN NIEKERK

**’N SLYPSKOOLPRODUKSIE GEBASEER OP IMPROVISASIES DEUR**
**DIE VOLGENDE STUDENTE VAN DIE**
**METHOD AKTEURSOPLEIDINGSENTRUM 1995:**

**JACQUES – *EUGENE SNYMAN***
**MAGDA – *ANINA BESTER***
**GERTRUIDA – *JOLANDA JACOBS***
**NICOLETTE – *MARLIZE DU PLESSIS***
**RENATE – *TANEYA***
**WERNER – *BRETT PELCHER***
**VREEMDELING – *CHRISTO LABUSCHAGNE***
***OPHELIA – BYGESKRYF VIR DIE 2005 PRODUKSIE***

**ONDER SPELLEIDING VAN**

## STEPHANIE VAN NIEKERK
## SARAH K. ROBERTS

**1996 WENNER VAN DIE FNB VITA-TOEKENNING VIR BESTE ENSEMBLE-WERK**
**WINDYBROW KUNSTEFEES**

**DRAMATIS PERSONAE**

**JACQUES:** ’n Smeerjoernalis wat veel eerder ’n ernstige skrywer sou wou wees, maar tot dusver nie die mas kon opkom nie. Slim, bitsig, nie op sy bek geval nie. Maak konstant notas in ‘n boek.
**MAGDA:** ’n Sportiewe sakevrou – sterk, energiek en op die man af. Sy was besig op die baan toe sy moes vlug en het dus haar gholfsak by haar. Hou haar op met ’n getroude man.
**GERTRUIDA:** Die konserwatiewe soort – streng Calvinisties grootgemaak. Obsessief aan die opruim, skoonmaak en organiseer. ’n Kleuterskoolonderwyseres. Woon steeds by haar ouers.
**NICOLETTE:** Dogter van ’n ryk sakeman wat nou in die tronk sit. Tans betrokke by sy sakebelange. Bedorwe en behep met die uiterlike en materiële. Spandeer baie tyd aan haar grimering, hare ens.
**RENATE:** Aërobiese instruktrise aangetrek in haar oefenklere. Het baie moeilik grootgeword in pleegsorg nadat haar ouers in ’n motorongeluk dood is. ’n Vegter en beskermend teenoor kwesbares. Hou dagboek deur daaglikse gebeure op video vas te lê. Is verlief op en wil trou met Werner.
**WERNER:** Werk in ’n bank en studeer grafiese kuns deeltyds. Hy het sy tekenboek, potlode, houtskool ens. by hom en skets deurentyd om die tyd om te kry. Die sensitiewe soort.
**OPHELIA:** Deur Jacques so gedoop omdat niemand haar naam ken of iets van haar weet nie. Volwasse jong vrou. Blymoedig van haar sinne af. Doen deurgaans “ballet”, sing vir haarself, sê rympies op, speel fantasiespeletjies. Sien Jacques as haar “redder”. Het ’n skooltassie vol speelgoed by haar. Tensy anders aangedui, baie vrolik en skynbaar onbewus van spanning. Dra ’n pienk tutu en balletskoene.
**VREEMDELING:** Praat net eenkeer. Te vervaard en bang om te sê wat hy gesien het en waarom hy nou hier kom skuiling soek. Katalis wat daartoe lei dat die groep opbreek. Daar word deurentyd na hierdie karakter in die manlike vorm verwys alhoewel die karakter manlik of vroulik kan wees.



Die Sewende Dag van links: Eugene Snyman, Marlize du Plessis, Jolanda Jacobs, Anina Bester, Christo Labuschagne, Brett Pelcher, Taneya



Die Sewende Dag van links: Jolanda Jacobs, Marlize du Plessis, Taneya, Eugene Snyman, Sarah K. Roberts



Die Sewende Dag van links: Anina Bester, Taneya, Brett Pelcher

| |
|---|
| **Afkortings:**<br>VA – verhoog agter VV – verhoog voor VM – verhoog middel VL – verhoog links VR – verhoog regs |

*’n Bomskuiling. ’n Swaar buitedeur van staal VAM en ’n gewone deur na die badkamer VVR. Die badkamer is nie op die verhoog nie. Twee staaltafels met* army issue-*blikborde en -bekers, -eetgerei en -waterbottels. Kartondose, met proviand in, en toiletrolle onder die tafels. Ou, verweerde bankies en stoele van hout of staal.*

*Sewe karakters lê en slaap op* army issue-*komberse en -slaapsakke – elkeen omring deur sy/haar paar persoonlike besittings op sy/haar basis of “eie plekkie”, waarna deurgaans teruggekeer word. Nou en dan beweeg een rusteloos in sy/haar slaap – draai om ens. Net NICOLETTE het ’n tas by haar. RENATE en WERNER lê lepel. OPHELIA lê naby RENATE. Dis vroegoggend. Soos die karakters een vir een wakker word, raak ons bewus van ’n tasbare gevoel van vrees en spanning.*

*JACQUES skrik wakker uit ’n nagmerrie. Hy luister benoud. Staan op en loop na die buitedeur om daar te gaan luister.*

MAGDA: (*Sit regop.*) Jacques, hoor jy iets?

JACQUES: (*Luister weer. Buierig.*) Nee. (*Gaan badkamer toe en klap die deur agter hom toe.*)

*MAGDA staan op en gaan luister by die buitedeur. Die ander, gesteur deur die skielike lawaai, word onwillig en stadigaan wakker.*

GERTRUIDA: (*Sit eerste regop.*) Wat gaan aan, Magda? Wat hoor jy? (*Sy kam haar hare.*)

MAGDA: Niks nie. Ek dink Jacques het hom verbeel.

*RENATE en NICOLETTE begin roer, sit regop, vee slaap uit die oë, gaap ens. Toilet spoel en JACQUES kom uit die badkamer. NICOLETTE gaan vinnig in met haar tas. JACQUES gaan skink vir hom water by die tafel en mors.*

GERTRUIDA: Ag, Jacques, moet asseblief nie so mors nie. Dan moet ek weer skoonmaak. (*Begin komberse opvou, afvee, regpak ens.*)

RENATE: (*Verfilm die ander karakters met haar video-kamera.*) Dag sewe. (*Kyk op horlosie.*) Sesdertig.

*JACQUES gaan sit op sy plek met die beker water.*

MAGDA: (*Klop aan badkamerdeur – knyp ooglopend.*) Nicolette … hoe lank gaan jy nog wees? Luister na haar. Jy sou sweer sy swem die borsslag daar binne. (*Toilet spoel.*)

JACQUES: Dit was ’n kak manier om wakker te word. Ek kon sweer daar was iets by die deur. Vandat ons in hierdie plek is, kry ek nagmerries. (*RENATE baie naby met die kamera.*) Vat daai ding uit my gesig uit, Renate!

*NICOLETTE kom uit die badkamer in ’n keurige uitrusting. MAGDA gaan in.*

RENATE: (*Verfilm vir NICOLETTE.*) Dames en here – Nicolette se smaakvolle uitrusting is perfek vir die jong, professionele sakevrou. (*WERNER sit regop. Trek sy vingers deur sy hare ens. Kamera op hom.*) Werner verkies egter die verwaaide voorkoms.

JACQUES: (*Aan Nicolette*.) Hoeveel uitrustings het jy in daai tas?

WERNER: Nee, Renate! (*Stoot kamera weg*.) Ek dink nie ek kan nog ’n dag hiervan hanteer nie. Dit voel of ek gaan mal word.

NICOLETTE: Gepraat van mal – óf Ophelia is nog in droomland óf sy’t stil heengegaan. Miskien moet iemand kyk of sy nog leef.

WERNER: Ons moet hier uitkom.

GERTRUIDA: (*Na waar OPHELIA nog lê en slaap.*) Ophelia – almal is al wakker. Dis tyd dat jy opstaan. (*OPHELIA trek die kombers oor haar kop – soos ’n klein dogtertjie*.) Kom nou. Ek moet aan die kant maak sodat ons iets kan eet. Op is jy! (*Begin slaapsakke en komberse oprol*.) Kan die res van julle nie asseblief ook help nie? Dit voel vir my asof ek almal se bediende is. (*OPHELIA uiteindelik op. Sy is selde betrokke by wat die ander doen. Sy oefen haar “ballet”, teken, kleur in, sê rympies op, sing vir haarself ens*.)

JACQUES: (*Aan GERTRUIDA.*) *Tinkerbell*, as ons jou help, het jy vir die res van die dag niks om te doen nie. Dan moet ons na jou luister.

GERTRUIDA: My naam is Gertruida, Jacques – en ons kan nie in ’n varkhok bly nie. Jy lig nooit jou hande nie. Dis nie ’n hotel hierdie nie, jy weet.

JACQUES: Jy’s nog nie eers dertig nie en jy klink al nes my ma.

MAGDA: (*Kom uit die badkamer*.) Die toilet spoel nie meer nie.

WERNER: Is jy seker?

NICOLETTE: Hy’t netnou nog gewerk.

RENATE: Ja, Nicolette. Ons is bewus van jou waterverbruik. Miskien het die bal uitgehak. Ek het ’n haarknippie. Ek sal dit regmaak.

MAGDA: Kyk net of julle iets kan doen, want dít kan ons nie hanteer nie.

*RENATE, JACQUES en WERNER na die badkamer. Improviseer kortliks woorde terwyl die bal in die toiletbak getoets word, die krane oopgemaak word, ens. Die watertoevoer is af.*

JACQUES: (*Kondig aan*.) Daar’s nie meer water nie.

MAGDA: Wat gaan ons nou doen? Die water is klaar en ons sal vandag nog hier moet uit!

NICOLETTE: Bly almal net kalm. Hier’s seker darem nog genoeg drinkwater vir vandag.

JACQUES: Moenie simpel wees nie, man. (*Loop na tafel waar waterbottels staan. Tel een op. Aan GERTRUIDA – verslae*.) Is dit ál wat ons nog oor het?

GERTRUIDA: Ja, dis al.

OPHELIA: (*Huppel en sing*.) Kinders, moenie in die water mors nie ...

WERNER: Miskien moet ons watertye instel.

OPHELIA: (*Sing*.) Kinders, moenie in die water mors nie ...

GERTRUIDA: Wat as elkeen elke twee ure ’n halwe beker kry?

OPHEILIA: (*Sing*.) Kinders, moenie in die water mors nie ...

RENATE: Dis te veel. Voor ons weet waar ons is het ons nie ’n druppel oor nie!

OPHELIA: (*Sing*.) Die oumense wil dit drink.

NICOLETTE: Vir ’n verandering stem ek saam met Renate. Ons sal die hoeveelhede baie versigtig moet uitwerk.

OPHELIA: (*Huppel en sing*.) O kinders, moenie in die water mors nie ...

WERNER: Wat van ’n kwart beker elke vier uur? *Okay*?

OPHELIA: (*Sing*.) Kinders, moenie in die water mors nie ...

MAGDA: Dit klink beter. Mense, ons moet versigtig werk. Asseblief!

OPHELIA: (*Sing*.) Kinders, moenie in die water mors nie,
die oumense wil dit drink.

NICOLETTE: Ophelia! Bly nou stil! Gaan sit in die hoek!

*OPHELIA skrik – wil huil.*

GERTRUIDA: (*Neem OPHELIA aan die hand*.) Kom ons gaan piepie, Ophelia. Daai vrou is ’n nare ou heks. (*Hulle gaan badkamer toe*.)

OPHELIA: (*Aan NICOLETTE*.) Nare ou heks! Nare ou heks! Nare ou heks!

JACQUES: Jy praat nie weer so met haar nie. Ek het jou al voorheen gewaarsku.

NICOLETTE: Kon jy haar nie net daarbuite gelos het nie? Sy weet in elk geval nie wat om haar aangaan nie, Jacques. Sy irriteer my so dat ek haar wil verwurg.

JACQUES: Dis jou probleem! Jissis, Nicolette, sy was op haar eie, heeltemal deurmekaar. Sy’t in sirkels rondgehardloop. Hoe los mens so iemand?

NICOLETTE: Ek wonder of sy nog altyd só is.

WERNER: Miskien nie. Dalk het sy net *uitgefreak* oor wat daarbuite aangaan.

NICOLETTE: Sy reageer ten minste op die naam wat jy haar gegee het, anders was sy heeltemal buite beheer.

RENATE: Sy pla niemand nie. Los dit nou – daar’s belangriker goed om oor te praat. Ons sit sonder ’n werkende toilet en knyp is nie ’n opsie nie.

WERNER: Is daar nie dalk een of ander ontsmettingsmiddel in die kartondose nie? Waar’s Gertruida? (*Roep*.) Gertruida! Het ons ontsmettingsmiddel iewers!

GERTRUIDA: (*Kom saam met OPHELIA uit badkamer*.) Is julle hande afgekap? Kan jy nie self gaan kyk nie, Werner? (*Krap in kartondose rond*.) Ek dink ek het ammoniak iewers gesien. Hier’s dit.

*OPHELIA hou haar besig met ’n speletjie uit haar tassie.*

RENATE: (*Terwyl sy daarvan in ’n leë blikkie gooi*.) Ek sit hierdie in die badkamer – dan kan ons nou en dan daarvan in die toilet gooi. (*Na badkamer met blikkie*.)

MAGDA: (*Kyk onder tafel*.) Ons het darem nog toiletpapier.

JACQUES: (*Pouse*.) Wel, mense, hierdie onderwerp is uitgeput en ek vrek van die honger. Kan ons nie nou maar iets eet nie?

MAGDA: Hou op walglik wees, Jacques!

JACQUES: (*Gaan na tafel*.) Ek het geen beheer oor die prentjies wat jy in jou kop maak nie, Magda. (*Hy en GERTRUIDA soek na die laaste twee blikkies kos in die kartondose*.)

RENATE: (*Op vanuit badkamer*.) Ek sal julle help.

GERTRUIDA: Hier’s die mielies. Wat het van die worsies geword?

JACQUES: Daar was een blikkie worsies oor. Dit was gisteraand nog hier.

WERNER: Dis nog steeds daar. Julle kyk net nie behoorlik nie.

MAGDA: (*Na tafel*.) Wag, laat ek sien. Dit moet hier wees. (*Soek. Aan GERTRUIDA*.) Dis weg. Die kos is op! Ons het presies een blikkie mielies oor.

GERTRUIDA: Wie het die worsies gesteel? (*OPHELIA steek hand op maar niemand sien nie*.)

MAGDA: Wag ’n bietjie … lê daar nie ’n leë blikkie in die badkamer nie?

JACQUES: (*Loop badkamer toe en kom uit met blikkie in sy hande*.) Dis nog nat binne. (*Kyk van een na die ander*.) Jy’s vir ’n verandering baie stil, Nicolette. Wat weet jy hiervan?

MAGDA: Ja, jy’s die een wat die meeste tyd in die badkamer deurbring.

WERNER: Julle kan haar nie sommer so beskuldig nie.

RENATE: (*Aan NICOLETTE.*) Was dit jy?

NICOLETTE: Nee, Renate. Dis nou *flippen great*! Almal dink sommer dadelik dis ek. Wie anders is laag genoeg om ses mense se kos uit hulle monde te steel? Weet julle hoe dit voel?

RENATE: Wel, wie was dit? Wie anders kan so … wel, wie? (*OPHELIA se hand tevergeefs op*.)

NICOLETTE: Dankie! Julle maak my siek!

WERNER: (*Terwyl NICOLETTE na die badkamer storm en die deur toeslaan*.) Sien julle nou? Daar’s geen bewyse dat dit sy was nie.

GERTRUIDA: Die skuldige persoon behoort natuurlik nie nou kos te kry nie … maar niemand sal dit ooit erken nie. Ons mors ons tyd. Ek was net gou die borde, dan kan ons eet.

MAGDA: Jy kan nie die borde was nie! Gertruida, is jy bedonnerd in jou kop? Ons het nie water nie!

WERNER: Jy’t gisteraand die borde gewas.

GERTRUIDA: Maar daar kon intussen kakkerlakke oor geloop het – selfs rotte!

JACQUES: Vergeet daarvan, *Tinkerbell*. Kan ons asseblief net in vrede eet.

OPHELIA: (*Speel die storie met beweging*.)
Kloek, kloek, kloek,
sê mamma hen.
Al die kuikens ken haar stem.

*JACQUES en WERNER (met videokamera) gaan tafel toe. NICOLETTE kom uit badkamer en gaan staan te naby aan WERNER. GERTRUIDA sny die blikkie oop. RENATE begin inskep en GERTRUIDA skink vir elkeen ’n blikbeker kwart-vol water.*

OPHELIA: Kok, kok, kok,
sê pappa haan.
Kyk hoe kom die kuikens aan.

*WERNER verfilm terwyl GERTRUIDA en RENATE opskep.*

GERTRUIDA: (*Klap na hom met die afdroogdoek*.) Renate, as jy inskep moet jy miskien laaste vat. (*Wys na 'n bord*.) Hierdie een het te min. Vat 'n bietjie dáár weg.

OPHELIA: 'n Wurmpie vir jou,
'n kriekie vir my.
Elkeen sal 'n stukkie kry. (*Val op haar rug neer, skop bene in die lug*.)

RENATE: Ophelia, kom eet nou. Jy's seker al honger.

*Almal neem borde en gaan sit op hulle plekke. OPHELIA voer ook haar pop. Almal, behalwe sy, is terneergedruk en stil.*

GERTRUIDA: Gaan ons nie dankie sê vir die kos nie.

PARTY: (*Lusteloos, geïrriteerd*.) Dankie. (*Stilte*.)

JACQUES: Hoe lank kan 'n mens lewe sonder kos?

RENATE: Sewe dae – as jy water het.

WERNER: Wat ons nie het nie.

GERTRUIDA: Ons het water vir twee dae, as almal by die reëls hou.

MAGDA: Hoeveel water is daar in die kanne?

GERTRUIDA: So sewe liter … om en by.

MAGDA: Sewe liter – dis een liter elk. As ons elke dag 'n kwart liter drink … dis 250 ml … sê 'n halwe beker tweekeer per dag … sal ons genoeg water hê vir vier dae.

JACQUES: Ek wil nie vir twee óf vier dae sonder kos wees nie.

WERNER: Mense, ons moet hier uitkom.

OPHELIA: (*Baie vrolik*.) Renate! Sê: plankie!

RENATE: Plankie.

OPHELIA: As jou ma jou slaan,
Dan sê jy dankie! (*Skaterlag*.)

WERNER: Dit help nie om te sit en bereken hoeveel water, hoeveel kos, hoeveel dit en hoeveel dat hier is nie. Die feit is … daar moet vandag besluit word. Gaan ons bly of gaan ons uit.

RENATE: Ons kan nie uitgaan nie, *Babe*, en jy weet dit.

WERNER: Ons kan ook nie meer bly nie.

JACQUES: Kan ons asseblief net in vrede eet!

OPHELIA: (*Opgewonde*.) Gertruida! Sê: haas.

GERTRUIDA: Haas.

OPHELIA: Ou jakkals is jou baas! (*Lag uit haar maag uit*.)

JACQUES: Ophelia, dis nou genoeg. Eet jou kos en drink jou water.

MAGDA: Kom ons eet net die helfte, dan bêre ons die res vir later.

GERTRUIDA: Ons moet nou goed eet, sodat ons vol mae kan hê. In elk geval, die plek gaan in 'n rottenes verander met al die kos wat oop rondstaan.

MAGDA: En waar gaan hulle inkom? (*Stilte*.) Hulle sê mens moet elke mondjie kos vyf-en-twintig keer kou. Dis beter vir jou spysvertering en dit voel asof jy meer geëet het.

NICOLETTE: Wat gaan na vier dae gebeur … as ons nie meer water het nie?

GERTRUIDA: Ons gaan nie vir nog vier dae hier wees nie. Hulle sal ons kry.

NICOLETTE: Wie gaan ons kry?

GERTRUIDA: Iemand in die weermag het tog seker hierdie plek opgeskryf in 'n register of iets.

JACQUES: Het jy gesien hoe het hierdie plek gelyk toe ons die dag hier aankom? Die weermag het lankal daarvan vergeet … as daar nog so iets bestaan.

WERNER: As daar "iemand" buite was, sou hulle ons alreeds gekry het.

*GERTRUIDA neem almal se borde ens. tafel toe nadat hulle klaar geëet het. OPHELIA loop agterna.*

GERTRUIDA: Bring jy die koppies, Ophelia. (*OPHELIA sit koppies neer, vee oor bord met vinger, lek af*.) Nee, sies Ophelia. Dis baie stout. Gaan speel 'n bietjie. (*OPHELIA gaan sit*.)

RENATE: (*Lang, verveelde stilte*.) Kom ons doen iets. Kom ons speel *charades*.

GERTRUIDA: Ons het baie opruimwerk om te doen. (*Pak weg, maak skoon ens*.)

NICOLETTE: Ek's nie nou lus nie. Dit kan later gedoen word.

RENATE: Wat gaan dit help as ons opruim? Gaan dit enigiets verander?

JACQUES: Waarmee wil jy jou anders besig hou, Gertruida? Gaan aan. Moenie dat ons jou keer nie. (*Aan ander*.) Kom ons speel.

NICOLETTE: (*Gaan sit langs WERNER. RENATE lê met haar kop op sy skoot*.) Wie wil begin? (*Sy sit styf teen WERNER, wat haar elke nou en dan liggies van hom probeer wegstoot*.)

WERNER: Jacques!

JACQUES: Nee. Magda, jy gaan eerste.

*MAGDA speel charades MV – improviseer. Almal lag en maak grappe terwyl hulle antwoorde uitroep.*

WERNER: Gaan jy nou, Nicolette.

MAGDA: (*Kyk op horlosie*.) Dis tyd om weer te probeer.

NICOLETTE: Wat neuk julle alewig met die radio? Ons gaan ons posisie weggee!

GERTRUIDA: Ons het al tot vervelens toe hieroor gestry. Los dit nou!

JACQUES: Ek sal kyk of ek iets kan regkry.

*RENATE sien waarmee NICOLETTE besig is, gaan sit elders. MAGDA gaan staan by haar plek.*

RENATE: (*Aan WERNER.*) *Babe*, kom sit by my.

*NICOLETTE gaan sit op haar plek, raak mettertyd meer en meer oorstuur. Gespanne stilte.*

JACQUES: *Mayday, mayday*. Dit is *India ten, uniform kilo*. Enigiemand op hierdie frekwensie, dis 'n S.O.S. Ons staan by.

GERTRUIDA: Praat 'n bietjie harder.

OPHELIA: Kyk, julle! (*Spring op en doen "ballet".Groot finale*.) Ta-daaa!

NICOLETTE: Gaan sit!

RENATE: Dit was mooi, Ophelia.

OPHELIA: (*Vies*.) Ek weet.

JACQUES: *Mayday, mayday*. Dit is *India ten, uniform kilo*. Enigiemand op hierdie frekwensie, dis 'n S.O.S. Ons staan by. (*Aan ander*.) Is dit die regte frekwensie?

RENATE: Ses-en-sewentig.

*JACQUES probeer weer en gee dan op.*

WERNER: As daar geen reaksie is nie, is dit dalk te gevaarlik om uit te gaan.

MAGDA: Probeer nog een keer.

NICOLETTE: (*Gil*.) Hou tog net op! Julle gaan ons posisie verklap! Ons is in elk geval in ons moer – hoekom aanvaar julle dit nie?!

*NICOLETTE hardloop na die tafel, gryp 'n waterbottel, neem 'n groot sluk en gooi die water bo-oor haarself uit. Ander storm op haar af – baklei om die waterbottel van haar weg te neem.*

OPHELIA: (*Baie ontsteld. Roep die gediggie tussen die geskreeu en aksie deur uit*.)

Janfiskaal
sit op 'n paal;
sy hoed is stukkend,
en sy kop is kaal.

Janfiskaal
skree: "Ek is kwaad!
Ek sal jou hang
aan die hakiesdraad!"

*WERNER kry die waterbottel in die hande. NICOLETTE en RENATE stoei. RENATE stamp NICOLETTE teen die bors. GERTUIDA stamp haar na MV. MAGDA stamp haar sodat sy teen WERNER, wat teen dié tyd op die bank sit, val. Sy gaan sit laggend en wydsbeen op sy skoot. Sy is duidelik tans die kluts kwyt.*

NICOLETTE: Hallo, *Sexy*! (*Hou haar hemp weg van haar lyf af en wys haar borste vir hom*.) Kyk hoe nat is ek! Skyn dit deur? Ons moenie vir die ander wys nie. Aag, *shame*, arme Werner. Jy's ook nat. (*Vee sy gesig met haar hemp af. Hy probeer haar wegdruk maar sy klou*.)

*RENATE, wat die twee staan en dophou het, storm badkamer toe.*

OPHELIA: (*Spring hop-scotch. Duidelik ontsteld*.)

Padda in die dam, kriek in die vlei,
Doring in die hart – dit steek vir my.

WERNER: (*Stamp NICOLETTE weg en gaan agter RENATE aan. Klop en roep*.) Renate, kan ek inkom?

OPHELIA: Vlermuis, Vlermuis,
botter en brood:
kom jy hier in,
dan slaan ek jou dood!

GERTRUIDA: Kom sit nou, Ophelia.

WERNER: Renate, ek kom in. *Okay?* (*Hy stap in en maak deur agter hom toe*.)

*Almal, behalwe OPHELIA, luister na die argument in die badkamer.*

GERTRUIDA: (*Lap in hand na badkamerdeur om te luister. In die verbygaan aan NICOLETTE*.) Slet!

NICOLETTE: Fok jou! (*Sy gaan sit op haar plek*.)

RENATE: Ek het nou genoeg gehad van jou en daai hoer!

WERNER: Wat het ek gedoen?

RENATE: Niks, jou idioot, en dis die probleem. Jy doen niks om haar te keer nie!

WERNER: Wat wil jy hê moet ek doen? Huh, wat?

RENATE: Hou haar van jou lyf af! Is jy verlam?

WERNER: Hoe? Vertel my! Dis nie asof ek van haar af kan wegkom nie.

RENATE: Nou goed dan, ek is fokken klaar! Sy kan jou kry.

MAGDA: Gertruida, wat maak jy?

GERTRUIDA: Ek maak skoon. (*Deur vlieg oop en GERTRUIDA gee vinnig pad tafel toe*.)

RENATE: (*Storm uit met WERNER druipstert agterna*.) Los my uit! Maak dat jy wegkom!

OPHELIA: (*Sing*.) Hansie Slim,
berg wil klim,
in die wye wêreld in.

*RENATE gaan sit, haal haar sigarette uit en probeer een aansteek. JACQUES hou haar dop.*

OPHELIA: (*Sing*.) Stok en hoed,
pas hom goed,
hy is vol van moed.

*MAGDA gaan sit by die buitedeur en maak 'n dambordstel van karton en papiertjies wat sy opskeur.*

JACQUES: Het ons nie besluit ons gaan in die badkamer rook nie?

RENATE: Ons gaan binne dae van die dors en die honger vrek, Jacques, want alles is op. Maar jy sal jou waaragtig nog steeds bekommer dat longkanker jou te vroeg gaan afmaai! (*Storm weer badkamer toe om daar te gaan rook*.)

JACQUES: Dankie!

*WERNER gaan na sy plek, tel sy tekengoed op. GERTRUIDA by die tafels besig.*

OPHELIA: (*Sing*.) Hansie Slim,
berg wil klim,
in die wye wêreld in …

NICOLETTE: As iemand nie nou vir Ophelia kalmeer nie, gaan ek myself te buite. Ek kan dit nie meer vat nie!

MAGDA: Ophelia, kom help my om die dambord in te kleur, toe. Dan kan ons almal speel. 'Seblief? Kom, kom sit hier by my. Toe man! (*OPHELIA onwillig VAM*.)

GERTRUIDA: Werner, kan ons praat?

WERNER: Waaroor?

GERTRUIDA: Sal jy 'seblief hier na my toe kom? Dis belangrik. (*WERNER tafel toe met sy tekenboek*.) Ek wil nie inmeng nie …

WERNER: Jy wil nie, maar jy gaan. (*Stilte terwyl GERTRUIDA twyfel. WERNER begin skets*.)

GERTRUIDA: Kan jy nie sien dat Nicolette daarop uit is om moeilikheid te maak nie? Bly eerder weg van haar af.

WERNER: En hoe stel jy voor doen ek dit? Ons sit bo-op mekaar soos sardiens in 'n blik.

GERTRUIDA: Dis vir haar net 'n speletjie.

WERNER: Ek weet.

GERTRUIDA: Nou wat val jy dan daarvoor? Jy's tog nie onnosel nie.

WERNER: Sy betrap my alewig onkant … en ek wil nie 'n *díng* daarvan maak nie.

GERTRUIDA: Jy kan nie hierdie situasie so laat aangaan nie.

WERNER: Luister, ek gaan nie vir Nicolette gee wat sy wil hê nie. Hou op stres. (*Ongemaklike pouse*.) Sien jy iemand?

GERTRUIDA: Ja, maar dis nie ernstig nie. Ons is eintlik net vriende.

WERNER: Dink jy aan hom?

GERTRUIDA: Ja … en aan my ouers. Ek bly nog al die jare by hulle en … wel, ek sorg dat dinge gedoen kom.

WERNER: Ek dink heeltyd aan my familie. As mens net geweet het.

GERTRUIDA: (*Ongemaklike pouse*.) Is jy en Renate van plan om te trou?

WERNER: Ons was. Nou weet ek nie.

GERTRUIDA: Jy moenie sulke goed sê nie, Werner. Julle twee is die enigste goeie ding in hierdie plek.

WERNER: Dis nie wat ek bedoel nie. Dis moeilik om 'n toekoms te beplan as jy nie weet of jy een het nie.

GERTRUIDA: Nonsens. Kort voor lank is al's weer reg.

WERNER: Glo jy dit regtig? Jy het tog die lig gesien – dis hoekom jy hiernatoe gekom het. Jy't gesien wat daarbuite aangaan.

GERTRUIDA: Ek het niks gesien nie.

WERNER: Asseblief! Hoekom is jy dan hier? Jy's besig om vir jouself te lieg, Gertruida, en dit gaan niks aan die saak verander nie.

*MAGDA slaan gholfballetjies teen JACQUES se skoen vas. OPHELIA het aan die slaap geraak.*

GERTRUIDA: Ek lieg nie vir myself nie, Werner. Ek weier net om so negatief soos jy te wees. (*Ongemaklike pouse*.) Jou papier is seker amper op.

WERNER: Ek gebruik maar altwee kante.

GERTRUIDA: Renate sê jy studeer kuns.

WERNER: Grafiese kuns – deeltyds. Ek werk in 'n bank, maar ek was van plan om … *Oh, well*!

GERTRUIDA: Ek gee onderwys … pre-primêr.

WERNER: Dit, my liewe Gertruida, is van die eerste dag af vir ons almal so duidelik soos daglig. (*GERTRUIDA slaan vir WERNER met die lap*.) Grappie!

GERTRUIDA: Gaan praat met Renate. Ek het werk om te doen.

WERNER: (*Diep asem – loop na badkamer – klop*.) Renate!

RENATE: Wat?! (*WERNER gaan in.*)

JACQUES: Hou asseblief op, Magda.

MAGDA: Moenie kleinlik wees nie, Jacques. As ek nie teen iets slaan nie, rol die balletjies die hele wêreld vol.

JACQUES: En dis my doel op aarde – om te voorkom dat jy die moeite moet doen om agter jou eie gholfballe aan te hardloop.

GERTRUIDA: Sal julle twee asseblief nou end kry!

MAGDA: Ek's in elkgeval nie meer lus nie. (*Sit gholfstok weg en gaan aan met dambord inkleur*.)

NICOLETTE: (*Gaan sit by JACQUES*.) Magda kan mens nogal beproef.

JACQUES: Dit kan jy weer sê. Nou weet ek hoe dit sal voel om deur 'n *transvestite* Ernie Els aangeval te word. Ek gaan hierdie mense nog een-een verwurg.

NICOLETTE: Ophelia is gelukkig nou stil. Sy's heel eerste op my lys.

JACQUES: (*Heel vriendelik – hulle verstaan mekaar*.) Jy's 'n opperste *bitch*, weet jy dit? Is dit vir jou lekker om mense soos arme Ophelia af te knou?

NICOLETTE: Ek en jy is voëls van eenderse vere, my vriend, al hou jy daarvan om jouself elke nou en dan as 'n ridder op 'n wit perd voor te doen. Soos wanneer jy jou oor die Ophelia's van die wêreld ontferm. Laat dit jou beter voel oor jouself?

JACQUES: Nou toe nou! 'n *Bitch* met 'n graad in sielkunde!

NICOLETTE: Ag, gun my my plesiertjies. Hier's niks anders om te doen nie.

*RENATE en WERNER uit badkamer en gaan sit*. *Dit lyk asof hulle vrede gemaak het.*

JACQUES: En waar pas Werner in die prentjie?

NICOLETTE: Ek sou sê dis voor die hand liggend. *He's not my type*.

JACQUES: Maar jy vind darem die speletjie amusant.

NICOLETTE: Daar's dié wat doen en dié wat volg, Jacques. En, as jy slim is, gebruik jy die kanonvoer tot jou eie voordeel.

JACQUES: (*Berekende pouse*.) Is dit wat Pappa jou geleer het?

NICOLETTE: Wat bedoel jy? (*Raak skielik besig met naels vyl en kyk nie vir hom nie*.)

JACQUES: Ek het al baie onderhoude gevoer, Nicolette. Joernaliste kom in aanraking met mense uit elke vlak van die samelewing – van die allerheiligste weldoeners tot die mees korrupte parasiete … en alles tussenin.

NICOLETTE: Waarvan praat jy?

JACQUES: As deel van my werk sorteer ek hope foto's – van die mense oor wie ek skryf … en hulle dogters.

NICOLETTE: Ek kom uit 'n bekende familie.

JACQUES: Veral vandat Pappa vasgetrek is. (*Pouse*.) Ek verstaan julle het darem nie alles verloor nie. Sy maatjies in hoë posisies het blykbaar vir julle genoeg gelos om mee aan te gaan. (*Pouse*.) Hoe pas hy aan by sy nuwe lewe agter tralies?

NICOLETTE: *Bastard!* Jy sit seker al dae lank en wag om my hiermee by te kom. *Touché*, Jacques. Jy wen.

JACQUES: Dis verstaanbaar dat jy nie daaroor wil praat nie, maar jou pa het blykbaar goeie rede om trots te wees op jou. Hulle sê jy't 'n goeie kop vir besigheid.

NICOLETTE: Gaan jy vir die res van jou lewe in mense se afval rondkrap en smeerartikels skryf? Is dit

al ambisie wat jy het?

JACQUES: Wat bedoel jy met "smeerartikels". Wat ek doen is 'n geldige manier om informasie oor te dra. Meeste mense koop die koerante wat my artikels plaas.

NICOLETTE: Natuurlik! Jy en jou base kry die *plebs* ten minste sover om te lees. Veels geluk, dis 'n helse prestasie!

JACQUES: Jy's besig om jou onkunde te adverteer, Nicolette. In elk geval, ek het al 'n digbundel en 'n roman gepubliseer.

NICOLETTE: *Excuse me! I stand corrected!* Skryf jy onder 'n skuilnaam? (*Pouse*.) Sal ek jou werk in die biblioteek raakloop? (*Pouse*.) Het iemand dit al ooit die moeite werd geag om die vrug van jou arbeid te resenseer?

JACQUES: My werk word nie wyd gelees nie. Dit spreek tot 'n geselekteerde groep.

NICOLETTE: O, nou verstaan ek. Jy skryf vir jou ma!

JACQUES: Fok jou! (*Op en na badkamer – deur klap*.)

*OPHELIA word wakker, staan op en loop na die tafel – kyk na die waterbottels.*

RENATE: Wag Ophelia, ek help jou. (*Staan op, skink kwart-beker. Aan niemand spesifiek nie*.) Ons het mos besluit op 'n halwe beker twee keer per dag, maar ons het elkeen net 'n kwart gedrink … Hierso, Ophelia, maar nou's dit klaar tot vanaand. Onthou nou.

OPHELIA: (*Drink – sit beker neer. Gooi arms om RENATE – drukkie. Gebare en trippel soos 'n perdjie asof sy dit by die kleuterskool geleer het. Baie trots*.) Kyk, Renate!

Mallemeuleperdjie,
trippel nou en dan –
luister na die woorde
van die mallemeuleman:
Daar's iewers
ja, daar's êrens
'n nimmerpad na nêrens,
maar jy bly vasgeplant
in jou rondomtalieland. (*Phillip de Vos*)

RENATE: Dis pragtig, Ophelia!

*OPHELIA kry haar inkleurboek en kryte uit haar tassie en bly daarmee besig.*

RENATE: (*Kyk na MAGDA, wat steeds besig is om 'n dambordstel uit karton te maak*.) Wat maak jy?

MAGDA: 'n Dambordstel. Wil jy speel?

RENATE: *Okay*, maar hier's nie genoeg plek nie. Kom ons skuif daarnatoe.

MAGDA: Goed. (*Hulle skuif VVR en begin speel*.)

OPHELIA: (*Sing*.) Twinkle, twinkle, little star,
how I wonder what you are.
Up above the world so high,

like a diamond in the sky.

MAGDA: Jy kan nie só skuif nie.

RENATE: Hoekom nie?

MAGDA: Het jy al ooit gespeel?

RENATE: Nee … maar ek het al gekyk hoe ánder speel. Mens skuif vorentoe.

MAGDA: Jy beweeg vorentoe maar jy moet op die blokkies van dieselfde kleur bly. So – jy bly op die swart. Het jy nooit met jou broers en susters gespeel nie?

RENATE: My pleegouers het eers toe ek heelwat ouer was, nog *kiddies* ingeneem. Die spul van ons het nooit dié soort van ding saam gedoen nie.

MAGDA: Hoeveel kinders is julle?

RENATE: Vyf.

MAGDA: Pleegkinders?

RENATE: Ja … twee seuns en drie meisies.

*JACQUES op vanuit badkamer. Gaan peuter met radio.*

OPHELIA: (*Sing*.) Twinkle, twinkle, little star,
how I wonder what you are.
Up above the world so high.
like a diamond in the sky.

MAGDA: Dis jou beurt.

RENATE: Wat was dit?

MAGDA: Ek het jou gespring. Kyk, die idee is dat jy myne en ek joune moet vat. Mens spring bo-oor die ander een, en dan vat jy hom. Maar jy moet op die swart bly.

RENATE: O, ek sien. Jy sê my eers daarvan nadat jy my gespring het.

MAGDA: Dis jou skuif.

RENATE: En jou familie? Is jy nie getroud nie, of speel hy net nie saam met jou gholf nie?

MAGDA: Nee. Hy's naweke saam met sy kinders.

RENATE: 'n Geskeide man.

MAGDA: Soos ek gesê het … hy doen die familie-ding op Saterdae. Dis jou beurt.

RENATE: So … hy's nié geskei nie?

MAGDA: Wil jy nie meer speel nie?

RENATE: Nie regtig nie. Eintlik is ek lus vir niks.

MAGDA: Dit hou ons besig.

RENATE: Ja, ek weet. Ons moet onsself besig hou sodat ons kan ophou dink!

MAGDA: (*Kyk op haar horlosie*.) Toe ek klein was, het ons oor naweke omtrent dié tyd van die dag by die huis gekom. Ons het vroegoggend die perde uitgevat en kilometers ver gaan ry. Wanneer die son opkom, is daar hierdie ongelooflike reuk van gras en grond en lug. Mens kan dit nie beskryf nie. Dis toe ons nog op die plaas gebly het. En toe het alles verander … verlore geraak.

RENATE: Ja, alles is nou verlore.

MAGDA: Wat bedoel jy?

RENATE: Hierdie vier mure is al wat daar nou is. Ons kan van niks anders seker wees nie.

OPHELIA: Twaalf sardientjies in 'n blik:
hemel, hou tog op met druk!

MAGDA: Jy's darem baie pessimisties.

RENATE: Ek's nie pessimisties nie – eerder realisties.

OPHELIA: Dis jy en ek
en ek en sy

RENATE: Ons is al sewe dae lank hier vasgekelder.

OPHELIA: en jy en sy
en ek en hy

MAGDA: Ek weet, Renate, maar ons gaan nooit uitvind wat daarbuite aangaan as ons net hier bly sit nie! Ons moet een of ander tyd die moed bymekaarskraap om uit te gaan.

OPHELIA: en hy en sy
en jy en jy
dié kermisbed's te veel vir my.

MAGDA: Ons moet bly hoop.

RENATE: Asseblief! Gaan hoop skielik kos en water uit die lug laat val?

OPHELIA: Hier gaan ek niks langer bly –
jou elmboog druk in my sy! (*Phillip de Vos*)

MAGDA: Ek sê net ons moet positief bly. Ons moet uitgaan en uitvind hoe sake nou staan. Ons kan nie net hier sit nie!

RENATE: Is jy mal? Jy het die lig gesién! Dis hoekom jy hier is!

MAGDA: Ja … ek het. Maar dalk het die situasie daar buite al verander.

RENATE: Ons kan nie die kans vat nie. Hierbinne is ons ten minste veilig.

MAGDA: Hierbínne is ons verlore! Terwyl daar kos en water was, kon ons oorleef – maar nie nóú meer nie. Alles het verander.

RENATE: Hoekom is jy dan nog hier? Huh? Omdat jy bang is!

MAGDA: Ons het nie meer 'n keuse nie.

RENATE: Dan moet jy gaan, Magda. Gaan vind uit en dan kom sê jy ons. (*MAGDA antwoord nie*.)

*SKIELIK IS DAAR 'N KLOP AAN DIE BUITEDEUR. AL DIE KARAKTERS IS STIL VAN SKOK. BEHALWE OPHELIA – SY GAAN NET AAN MET HAAR AKTIWITEITE.*

GERTRUIDA: Hulle het ons kom haal! (*Hardloop na die deur*.) Ek het julle gesê hulle sal kom!

RENATE: (*Storm na deur*.) Nee, moenie oopmaak nie! Julle weet wat's daarbuite!

GERTRUIDA: Hulle het ons kom haal.

*Almal, behalwe WERNER en OPHELIA, storm na die deur toe. RENATE staan met haar rug daarteen om te keer dat iemand dit oopmaak. Samedromming, vrees, opwinding, harwar. Almal praat gelyk.*

JACQUES: Dit was sewe dae gelede, Renate! Ons het geen idee wat nou daar aangaan nie!

RENATE: Ek weet! Dis juis die punt!

NICOLETTE: Miskien is dit mense wat hulp bring – kos en water en sulke goed!

GERTRUIDA: Miskien is dit die burgermag!

MAGDA: Julle …hoe weet ons dis óns soort?!

NICOLETTE: Wat bedoel jy? Jy gaan al van die eerste dag af aan oor "ons soort". Wat beteken dit?

MAGDA: Ek weet nie, Nicolette. Ek wonder maar net!

WERNER: Vra wie's daar!

JACQUES: (*Roep*.) Wie's daar?! (*Luister*.)

NICOLETTE: (*Roep*.) Het julle kos en water?! (*Luister*.)

JACQUES: (*Roep*.) Hoeveel van julle is daar?! (*Luister*.)

MAGDA: (*Roep*.) Wie het julle gestuur?! (*Luister*.) Wat wil julle hê?!

RENATE: Niemand antwoord nie. Hoe kan ons oopmaak as hulle weier om hulle te identifiseer?

GERTRUIDA: Ek dink ons moet die kans vat. Ons het nie 'n keuse nie.

RENATE: Nee!

ALGEMEEN: Ons moet weet … Dalk bring hulle hulp … Ons moet nóú oopmaak – voor hulle weer weggaan … Hier, gebruik die gholfstokke … Kry haar uit die pad uit ... (*ens.*)

*MAGDA gryp 'n paar gholfstokke en deel dit aan die ander uit. JACQUES, NICOLETTE en MAGDA tel dan 'n bakleiende RENATE fisies op en dra haar MV. OPHELIA raak bewus van wat aangaan en gaan kruip in die badkamer weg. WERNER, wat tot dusver eenkant gestaan het, reageer.*

WERNER: Los haar! (*Hy gaan na RENATE toe, sit sy arms om haar en probeer haar kalmeer. Neem haar dan om te gaan sit*.)

*JACQUES en MAGDA staan met gholfstokke gereed by die deur.*

NICOLETTE: *Tinkerbell*, ons maak die deur vinnig oop en klap hom dadelik weer toe.

JACQUES: (*Aan MAGDA*.) As iets nie reg lyk nie, bliksem ons wie dit ook al is katswink en gooi hulle dadelik weer uit. (*Aan NICOLETTE en GERTRUIDA*.) Wees wakker, miskien moet julle weer die deur ooppluk.

MAGDA: Is julle reg?

ALGEMEEN: Ja! … Staan reg! … Doen dit net! … Vinnig oop en toe! ... (*ens.*)

GERTRUIDA: (*Terwyl sy en NICOLETTE die swaar staaldeur oopstoot*.) Dis 'n man!

*JACQUES ruk VREEMDELING na binne.* ***HY IS SO BANG DAT HY NIE KAN PRAAT NIE****. GERTRUIDA en NICOLETTE stoot deur toe. JACQUES en MAGDA gooi VREEMDELING hardhandig MV neer. GERTRUIDA en NICOLETTE storm vorentoe. Hulle staan in 'n halfmaan om VREEMDELING, wat op die grond sit.*

ALGEMEEN: (*Almal vra hom gelyk uit – groot lawaai*.) Wie is jy? … Het iemand jou gestuur? … Het jy voorrade saamgebring? … Wat gaan daar buite aan? … Wie is in beheer? … Hoekom praat jy nie? … Wat's fout met jou?, ens.

JACQUES: (*Aan ander*.) Bly stil! Een op 'n slag! (*Duidelik aan VREEMDELING*.) Wie is jy?

GERTRUIDA: Hy't nie 'n uniform aan nie. Hy's nie van die burgermag nie!

MAGDA: Waar kom jy vandaan?

*Almal begin weer vrae vra.*

RENATE: Hou julle in! Hy's heeltemal verskrik. Kan julle nie sien nie?

WERNER: Julle maak dit erger!

NICOLETTE: Hy't 'n sak by hom! (*Aan VREEMDELING*.) Wat het jy daar?

ALGEMEEN: Wys ons wat daarin is! … Wat steek jy weg? … Gee hier, ek sal kyk!, ens.

MAGDA: Dalk het hy 'n wapen!

GERTRUIDA: Gryp die sak!

JACQUES: Wat het jy in daai sak?

*VREEMDELING klou aan sak vas. Die groep raak in 'n stoeigeveg betrokke om dit van hom af weg te neem.*

RENATE: (*Tree tussenbeide*.) Los hom uit! Hoekom gaan julle so tekere?

WERNER: Die man is bang! Los hom uit!

*GERTRUIDA slaan VREEMDELING met 'n gholfstok. JACQUES gryp die sak, gooi haar goed op die grond uit – klere, toiletware, persoonlike artikels, 'n paar boeke. MAGDA, NICOLETTE en JACQUES krabbel op die grond rond en gaan deur sy besittings. Almal gil en skreeu. GERTRUIDA staan dreigend oor hom met die gholfstok. RENATE en WERNER probeer keer. RENATE gryp die artikels so vinnig as wat die ander daarmee klaar is en prop dit terug in die sak. VREEMDELING gryp sy sak terug van RENATE. Die groep kalmeer 'n bietjie – raak stiller.*

GERTRUIDA: Ek sien g'n kos of water nie! En hy ruik snaaks.

MAGDA: Wie is jy? Wat's jou naam? Kan jy praat?

GERTRUIDA: (*Stoot VREEMDELING met die stok*.) Hy't nie kos óf water nie!

RENATE: Sit die stokke neer! Hy sal nie praat terwyl julle hom dreig nie.

WERNER: Asseblief, mense, ontspan net!

JACQUES: (*Aan VREEMDELING.*) Ek gaan jou nie seermaak nie. Kan jy verstaan wat ek vir jou sê?

RENATE: (*Tree tussenbeide*.) Asseblief! Gaan sit net iewers en gee hom kans om te kalmeer. Los hom vir 'n rukkie heeltemal uit!

JACQUES: Ek vat nie aan hom nie!

NICOLETTE: (*Aan RENATE*.) Bly jy stil! (*Aan WERNER*.) Vat haar hier weg!

GERTRUIDA: (*Aan RENATE*.) As jy nie wil saamwerk nie, moet jy padgee!

RENATE: Julle gaan soos 'n spul wildehonde tekere!

WERNER: (*Sit sy arms om RENATE en probeer haar kalmeer*.) Kom, Renate. Hulle is buite beheer. Niks wat ons doen, gaan nou help nie.

NICOLETTE: Renate, ons wil jou nie hier hê nie!

JACQUES: *Okay … Okay*, almal. Sit net die stokke neer. Sit hulle neer. (*Hulle bly staan*.) Staan dan net 'n bietjie weg, dalk is hy bang. (*Aan VREEMDELING*.) Is dit veilig om uit te gaan?

MAGDA: Is daar nog mense daarbuite? Mense?

NICOLETTE: Kan ons uitgaan? (*Aan die ander.*) Is dit hy wat so ruik?

GERTRUIDA: Dis 'n chemiese reuk – of is dit rook? (*Aan VREEMDELING.*) Antwoord. (*Stoot hom skelm met die stok*.)

JACQUES: Antwoord asseblief. Kan ons uitgaan?

RENATE: Ek het gesê julle moet hom kans gee, Jacques. Só gaan julle niks uit hom kry nie.

ALGEMEEN: Bly jy net stil, man!! … Hou jou hieruit! … Het jy nie ore nie? … Loop!, ens.

*JACQUES loop dreigend na RENATE. WERNER en JACQUES gryp mekaart. WERNER sleep-dra JACQUES na NICOLETTE se plek toe.*

MAGDA: (*Aan RENATE*.) Wil jy nie weet wat aangaan nie?

RENATE: Natuurlik wil ek weet wat aangaan. Ek bevraagteken net julle metodes.

JACQUES: (*Aan VREEMDELING*.) Hoekom praat jy nie? Die … bliksem wil niks sê nie!

MAGDA: Miskien ís hy nie een van ons nie. Daar's iets fout met hom.

NICOLETTE: (*Pouse terwyl dit by almal insink*.) As hy niks sê nie, is hy die vyand. Dan moet hy nou dadelik uit. Dalk wás daar 'n inval!

JACQUES: Of 'n natuurramp … of 'n kernongeluk! Jissis, mense! Ons weet nie! Dis hoekom hy verdomp moet praat!

NICOLETTE: (*Aan VREEMDELING.*) Gaan jy praat? Huh? Nou goed … ons wil jou nie hier hê nie!

GERTRUIDA: Hy moet uit! Hy moet uit!

RENATE: Gaan sit almal eers. Ons sal met hom praat. Gaan sit!!!

GERTRUIDA: Hy kry nie water nie. Hoor jy my!

*RENATE en WERNER gaan sit by VREEMDELING. Die res gee onwillig pad.*

WERNER: (*Praat mooi met VREEMDELING*.) Dis ons sewende dag hierbinne. Ons het nie meer kos nie en die water is amper op. Die ander wil nie hê jy moet hier bly as jy nie vir hulle sê wat daarbuite aangaan nie. Asseblief, praat met my.

RENATE: Ons wil jou help. Asseblief! Is daar nog mense? Sê net vir ons of dit veilig is om uit te gaan.

JACQUES: Praat!

MAGDA: Antwoord ons!

RENATE: Dalk ly hy aan skok. (*Aan VREEMDELING*.) Jy weet wat buite aangaan. Ons weet nié. Asseblief.

JACQUES: Luister nou mooi na my. As jy nie gaan praat nie, loop jy. Die enigste waarde wat jy vir ons het, is jou inligting!

MAGDA: Ek dink hy's een van hulle. Die ding is dalk met een of ander wapen gestuur om ons uit te wis.

WERNER: Een van wie, Magda? Julle het sy sak deursoek en niks gekry nie.

JACQUES: Ag, *bullshit* man. Ek het hóm nie deursoek nie. Dalk is daar iets in sy skoen!

NICOLETTE: (*Aan VREEMDELING*.) Trek uit jou skoene!

MAGDA: Ek het julle gesê! (*Aan VREEMDELING*.) Die skoene – trek hulle uit!

*VREEMDELING trek sy skoene uit en gooi hulle een-een na JACQUES.*

WERNER: (*Opgewonde*.) Hy verstaan ons! Hy weet wat ons sê!

JACQUES: Dis 'n aanval!

GERTRUIDA: Hy's aggressief!

ALGEMEEN: (*Behalwe RENATE en WERNER*.) Nou't ons genoeg gehad! … Hy moet uit! … Jy sal ons nie hier in ons eie plek kom aanval nie!, ens.

*NICOLETTE, MAGDA, JACQUES en GERTRUIDA tel VREEMDELING aan sy bene en arms op en dra hom na die buitedeur.*

VREEMDELING: NEE, NEE, NEE, NEE, NEE, NEE, NEE!!!

WERNER: (*Storm nader en staan met sy rug teen die deur – skreeu hard*.) STOP!!

*Hulle laat VREEMDELING gaan en hy skarrel weg, gryp sy sak en gaan na die tafel. Hy plaas sy arms en bene om die tafelpoot en klou vas. WERNER en JACQUES gryp mekaar by die deur. Baklei fisies.*

JACQUES: Ek het nou fokken genoeg gehad! (*Hulle skel woordeliks en slaan, stoei, skop*.)

GERTRUIDA: *Fight! Fight!* (*Staan met gholfstok bo die kop – baie opgewonde*.)

ALGEMEEN: Bliksem hom, Jacques! … Wat maak julle? … Vat hom! … Kry end! ens.

RENATE: (*Tree tussenbeide*.) Hou op! Altwee van julle – dis nou genoeg! Gaan sit!

*Die mans laat mekaar gaan maar tart steeds met woorde. Almal gaan sit uiteindelik op hulle plekke.*

WERNER: (*Woedend aan RENATE*.) Moenie vir my sê wat ek moet doen nie! (*Pouse*.)

GERTRUIDA: Hy gaan kieme hier inbring. Ons weet nie watse siektes hy alles het nie. Ek sê ons moet besluit wie hom wil in hê en wie hom wil uit hê, en as die meerderheid hom wil uit hê, dan gooi ons hom uit!

RENATE: Wil jy hom op jou gewete hê? Ons weet nie waarin hy hom gaan vasloop nie.

MAGDA: Jy wou in die eerse plek nie die deur oopmaak nie. Die res van ons was ten minste bereid om hom 'n kans te gee. Ons het vir hóm iets gegee, nou gee hy vir óns iets. Anders loop hy!

RENATE: Toe dit julle gepas het, kon hy inkom. Nou pas dit julle nie meer nie. Julle maak my siek.

*OPHELIA versigtig uit badkamer met feetjie-vlerkies aan en towerstokkie in die hand. Bemerk die VREEMDELING, gaan nader en "toor" hom. Gaan sit langs JACQUES en "toor" hom.*

NICOLETTE: Magda is reg. Ons stem nóú.

WERNER: Hy het gekom na 'n plek van veiligheid wat vir álmal se gebruik gebou is. Ons mág nie besluit of hy kan bly of nie.

JACQUES: Ag, stront man! Hy's al die afgelope sewe dae daarbuite en hy's nog springlewendig.

OPHELIA: Buite in die reën,
buite in die nag ...

RENATE: Ja, maar is hy nie dalk die laaste een wat oorgebly het nie? Hy't kom skuiling soek vir 'n rede.

OPHELIA: is 'n gruwelike ding
wat lê en wag …

WERNER: Iets moes daarbuite gebeur het wat hom laat besluit het hy kan nie meer nie.

OPHELIA: Hy kla
hy steun
hy lag
hy ween ...

WERNER: Hoe sal ons ooit weet of hy die laaste een is? Hier sit ons!

OPHELIA: hy wag
in die wind
vir alleenloopkind. (*Phillip de Vos*)

MAGDA: Nicolette is reg. Ons stem – elkeen kan sê of hulle hom hier wil uit hê, en hoekom. (*Aan RENATE en WERNER*.) Dan kan julle twee ’n opinie lug.

WERNER: Dankie!

*OPHELIA neem haar pop, boekies, kombersie ens. na waar VREEMDELING sit. ’n Nuwe maatjie!*

GERTRUIDA: Hy’s ’n buitestander. Hy hoort nie hier nie. Ophelia, kom weg daar!

OPHELIA: Ek sal nie! (*Steek haar tong uit en gaan sit by VREEMDELING. Sit kombersie oor sy skouers, gee vir hom die pop, wys hom die boekies ens*.)

RENATE: Wie gee jou die reg om te besluit wie hoort hier en wie nie? Mens sou dink iemand wat heeltyd maak asof sy vroom en voorbeeldig is, sal eerder lewens red as vernietig.

GERTRUIDA: Jy weet niks van my af nie! Jy weet nie wat die redes was … hoekom ek … Wie gee jou die reg om my te beskuldig? Hou jy jou bek van my af en jou neus uit my sake!

OPHELIA: (*Sing en sus haar pop*.) Siembamba, Mame se kindjie!

RENATE: Gertruida? Waarvan praat jy?

OPHELIA: Siembamba, Mame se kindjie!

MAGDA: (*Aan GERTRUIDA*.) Is jy orraait?

OPHELIA: Draai sy nek om, gooi hom in die sloot,
trap op sy kop, dan is hy dood!

GERTRUIDA: (*Gil op OPHELIA*.) Bly stil! (*Aan ander*.) Los my uit! (*Loop huilend heen en weer*. *Raak feitlik histeries*.) Ek is ‘n goeie mens, hoor julle my! Ek weet wie ek is! Ek is ‘n goeie mens!

NICOLETTE: Wat het jy aangevang, *Tinkerbell* ?

OPHELIA: (*Baie vrolik*.) Is dit ’n seuntjie, maak hom groot,
Is dit ’n meisie, slaan haar dood! (*Slaan pop se kop teen grond*.)

JACQUES: Stille waters, diepe grond.

GERTRUIDA: (*Steeds huilend maar nou woedend.*) Kyk wie praat! Jy neem daagliks besluite oor ander se lewens. Hoeveel mense het jy al vernietig met die artikels wat jy skryf?

JACQUES: My werk het niks met hierdie saak te doen nie. (*Ongemaklike pouse*.) Hy het inligting wat ons nodig het. Ons lewens hang van hom af, en hy wil nie praat nie. As hy nie wil saamwerk nie, moet hy betaal.

GERTRUIDA: Wat van daai Pienaar-man? Soos ek dit verstaan, het hy selfmoord gepleeg as gevolg van 'n storie wat jy uitgelap het. Jy kon hom netsowel self geskiet het, Jacques!

JACQUES: Ag, kak man, ek is nie God nie. Die publiek het 'n reg om te weet. (*Ongemaklike pouse*.) Ek sê julle nou, daar's 'n rede hoekom hy niks sê nie.

WERNER: Ons het almal 'n groot bewondering vir die diens wat jy aan die gemeenskap lewer, Jacques.

JACQUES: Jy … bly stil. Ek waarsku jou, bly stil. En moenie voorgee dat jy so wonderlik is nie. Ek glo dit nie. Hierdie idilliese verhouding van julle tweetjies. Ha! Hoeveel keer het jy haar al verneuk?

WERNER: Wat het dit met jou te doen? In elk geval, ek het niks om weg te steek nie. My kop werk nie so nie.

JACQUES: (*Aan RENATE*.) En jy, poplap?!

RENATE: Ek gaan nie hiervoor val nie, Jacques. Werner is reg. Net soos ons, het hy na 'n openbare skuilplek gekom …

JACQUES: Hoekom antwoord jy nie my vraag nie?

RENATE: Watse vraag?

JACQUES: Ek wil weet of jy hom al verneuk het.

RENATE: Wat het dit met enigiets te doen?

WERNER: Hoekom antwoorde jy hom nie net nie?

RENATE: Werner, ek weier om by Jacques se speletjies ingesleep te word! Hy's besig om ons te manipuleer. Hoekom laat jy dit toe?

WERNER: Antwoord hom net, Renate.

RENATE: Ek is hom nie 'n antwoord verskuldig nie.

*WERNER staan op en gaan sit elders.*

OPHELIA: (*Speel die storietjie met beweging*.) Kyk vir my!
Wippie en Snippie
loer uit by 'n gaatjie,
Wip is 'n muisie,
en Snip is sy maatjie.
Wippie en Snippie
daar kom die Groot Kat!
Woerts! wip twee muisies
weer terug in die gat! (*Saar Engela*)

JACQUES: Baie mooi, Ophelia.

NICOLETTE: Wel … ek dink hy moet weg. Hy't niks met hom saamgebring nie, en nou moet ons vir hom van ons water gee.

RENATE: In jou diepste wese is jy maar eintlik net 'n verbruiker, nè Nicolette?

MAGDA: Dis reeds ondraaglik met die stank en die hitte. Ons het klaar nie genoeg suurstof nie. As hy nie wil praat nie, moet hy die gevolge dra. Sy keuse, sy verantwoordelikheid. Dis vier teen twee.

RENATE: Jy's verkeerd, Magda. Jy kan dit ontken soveel jy wil, maar jou aksies hét 'n invloed op ander mense. Jy neem 'n getroude man …

MAGDA: As hy eerder by my wil wees, is dit sy saak. (*Pouse*.) Hierdie een weet wat om te doen as hy wil bly.

GERTRUIDA: Ek wil hom nie hier hê nie. (*OPHELIA gaan sit troostend by VREEMDELING*.)

JACQUES: Iets het nou net vir my duidelik geword, mense. Ek het so pas besef … of hy moet bly of gaan is nie die punt nie. Ons moet besluit of óns moet bly of gaan. Die kos is klaar, die water is klaar. Vir al wat ons weet, pak die lugtoevoer netnou op. Ons kan nie langer hier bly nie.

GERTRUIDA: Hulle sal ons kom haal. Hulle sal. Ek weet dit.

JACQUES: Gertruida – niemand gaan ons kom haal nie. Ons sit al sewe dae hier.

OPHELIA: (*Aan VREEMDELING. Tel op vingers.*)
Sondag is die eerste dag
en Maandag is die tweede,

JACQUES: Jy kan bly as jy wil. Sy kan bly as sy wil …

MAGDA: Gaan jy uit? Kan ek saamkom?

JACQUES: Daar's niks meer om te eet nie.

OPHELIA: Dinsdag is die derde dag
en Woensdag is die vierde.

NICOLETTE: Ons is darem almal saam. As ons by mekaar bly, sal ons orraait wees.

WERNER: Vir hoe lank? Wil jy tussen hierdie vier mure sit en vrek?

OPHELIA: Donderdag is nommer vyf,
Vrydag altyd nommer ses.

RENATE: Ons het dit almal gesien, al ontken party van julle dit. Hier was ons tot nou toe veilig.

OPHELIA: Saterdag is die sewende dag –
Ek hoop jy leer jou les!

MAGDA: Renate, as ons hier bly en niemand kom nie … verstaan jy nie? Hierdie plek kan ons grafkelder word.

RENATE: En as jy uitgaan, is jy in elk geval dood.

WERNER: Jy weet dit nie vir seker nie.

RENATE: Ons het geen idee wat gebeur het nie, *Babe*! Wat wag daarbuite vir ons?

JACQUES: Dink jy nie ons moet probeer uitvind nie?

WERNER: Ek wil my mense gaan soek. Ek móét weet wat van hulle geword het.

OPHELIA: (*Speel die storie met beweging*.)
Toktokkie soek na sy vrou,
Toktokkie soek na sy kind;
sy moed is op,

en sy asem is wind.

JACQUES: Ons sal ten minste 'n kans hê. Ophelia, kom jy saam met my?

GERTRUIDA: Ons kan nie hier uitgaan voor iemand nie vir ons gesê het dis orraait nie.

NICOLETTE: Ek kan nie die kans vat nie. Asseblief, julle. Moenie my alleen hier los nie.

OPHELIA: (*Sy begin haar goedjies pak*.) Toktokkie klop met sy lyf,
Toktokkie hoor met sy oor.
wie het sy vrou
en sy kind vermoor?

RENATE: (*Aan Jacques*.) Is jy wragtig bereid om uit te gaan?

JACQUES: Ja. En hy (*na VREEMDELING*) kan bly, en dan kan jy (*aan RENATE*) haar versorg, (*aan NICOLETTE*) en jy kan haar gebruik – of sy kan jou misbruik, (*aan GERTRUIDA*) en dan kan jy van haar ontslae raak. Ek gaan nou. Ophelia, kom. (*Pouse*.) Ons gaan huis toe.

OPHELIA: (*Vat haar tassie en skoene*.) Sy water is brak,
en sy kos is min,
en hy trek sy nek
by sy skouers in.

*OPHELIA begin opgewonde soentjies en drukkies uitdeel.*

RENATE: Jy sal nié vir Ophelia saam met jou vat nie!

JACQUES: Ek is verantwoordelik vir haar. Sy het saam met my ingekom en sy gaan saam met my uit.

MAGDA: Kan ek ook kom?

JACQUES: As jy wil.

NICOLETTE: Ons moet saamstaan.

GERTRUIDA: Kom sit net. Jy's oorhaastig.

RENATE: Dink eers oor wat jy doen.

NICOLETTE: Jy weet nie wat's daarbuite nie!

JACQUES: Nee, maar ek weet wat's hierbinne. (*Hy maak die buitedeur oop. Hou sy hand na OPHELIA uit*.) Kom, Ophelia. Ons gaan huis toe. (*Aan MAGDA*.) Kom jy?

*MAGDA aarsel. JACQUES en OPHELIA gaan uit.*

GERTRUIDA: (*Terwyl hulle uitgaan.*) Keer hom! (*Sy sluit die deur as hulle uit is*.)

RENATE: Wat gaan van Ophelia word?

NICOLETTE: (*Aan WERNER*.) Bly asseblief!

MAGDA: Goed. Ek gaan. Wie kom saam? Werner – wat wil jy doen?

NICOLETTE: Julle kan nie almal weggaan nie. Ek wil nie alleen agterbly nie, asseblief!

WERNER: (*Gaan na RENATE*.) Ek gaan ook. Renate, ons het nie 'n keuse nie.

RENATE: Hierbinne kan ek dit sien kom. Buite verblind die lig my.

WERNER: Kom saam met my. Ek is lief vir jou.

RENATE: Ek kan nie. Ek het dit gesien.

MAGDA: Jy beter nou kom, Werner. Ons gaan nooit opvang nie.

WERNER: Bly stil! Renate … ek kan nie tussen hierdie vier mure bly nie.

RENATE: Ek's jammer. Ek het jou lief.

WERNER: Kyk vir my. (*Lang kyk, dan soen hy haar en staan op*.)

MAGDA: Werner, as ons nie nou dadelik gaan nie, sal ons nooit opvang nie!

WERNER: (*By buitedeur*.) Renate … ek sal jou kom haal. Ek sal.

*WERNER en MAGDA gaan uit. Niemand sluit weer die buitedeur nie. Ons hoor hul stemme vervaag.*

WERNER: Daar's nie elektrisiteit nie. Dis stikdonker.

MAGDA: Ek kan niks sien nie.

WERNER: Magda … Wag vir my!

MAGDA: Hierso! Hou aan my vas. (*Roep.*) Jacques! Ophelia? Waar is julle?

*GERTRUIDA sit heen en weer en wieg. NICOLETTE gaan sit by haar op die bank.*

NICOLETTE: Sit om God's naam net stil! Ek kan dit nie meer vat nie!

*GERTRUIDA bars in trane uit. NICOLETTE sit haar arms om GERTRUIDA en hou haar vas. RENATE sit tjoepstil met haar kop op haar knieë. VREEMDELING staan stadig op, neem waterkan, draai prop af en drink stadige, lang teue terwyl die ligte stadig verdof tot swart.*

**DIE EINDE**